Jakaranda
Kinder en Gesinsorg Maatskappy
Child and Family Care Centre
Reg. Kinderhuis/Children`s Home

Privaatsak/Private Bag x11
Lynn East
0039
Talitha Kumi str
East Lynne

Tel: (012) 800-4700
Faks/Fax: (012) 800-4443
www.jacarandachildren.co.za

NPO Reg. nr 001-649NPO
Art.21 Mpy./ Sec. 21 Co. Reg nr: 2001/016848/08

KERSGESKENKE & GESKENKE – INLIGTING & RIGLYNE AAN DIE PUBLIEK.

Die Jakaranda & Louis Botha Kinderhuise se reëlings i.v.m. die ontvangs van Kersgeskenke:

*Die ontvangs en donasies van Kersgeskenke moet ooreenstem met die **DOEL, BOODSKAP** en **WERKSWYSE** van beide kinderhuise. Ons wil die **WARE** kersboodskap oordra aan ons kinders en die publiek en dit 'n ware **Christusfees** maak. Ons primêre doel is om kersfees en kersgeskenke aan ons kinders te **NORMALISEER** deur kinders nie in die **abnormale** situasie te plaas waar hulle 15-20 geskenke elk, rondom kersfees ontvang nie.*

Die kinderhuis se reëlings rondom kersgeskenke:

- Die reëling i.v.m. kersgeskenke, is dat elke kind in die kinderhuis 'n maximum van 2 geskenke (soos speelgoed ens.) mag ontvang en **nie meer as dit nie**.
- Enige addisionele geskenke (speelgoed ens.) sal dan gebruik word om op 'n ander stadium, soos die geleentheid homself voordoen aan ons kinders te oorhandig soos bv. verjaarsdae en nuwe opnames in die Kinderhuis.
- Daar sal ook geen formele oorhandiging van kersgeskenke plaasvind, gedurende die feestyd wat hetsy deur maatskappye of groepe gereël word nie.
- Indien 'n maatskappy sou belangstel om geskenke te gee sou ons aanbeveel om eers met ons bemarkingspan kontak te maak om 'n behoefte bepaling te maak, voordat geskenke ingesamel word.

Geskenk riglyne

Items mag ontvang word wat die huis gaan help om hulle **RANDE TE REK** Items wat ontvang **mag** word vir die kinders is as volg:

Toiletbenodighede soos handdoeke waslappe tandeborsels seep shampoo ens.
Voedsel (Groente Vrugte Vleis ens.)
Beddegoed soos komberse, duvets ens
Naweek sakke (sport sakke)
Speletjies / Bord Speletjies of items wat die hele huis kan benut.
Skool benodighede (bv. Skooltasse, skryfbehoeftes.)

Geskenke sal ontvang word by ontvangs en sal dan verskuif word na 'n lokaal wat later aan die huisouers bekend gemaak sal word. **Geen geskenke mag direk by 'n huis afgelaai word nie.**

Mnr. Tinus Erwee
Uitvoerende Direkteur
Jakaranda Kinder & Gesinsorg Maatskappy
Louis Botha Kinder & Gesinsorg Maatskappy
Berg-en-Dal Krisis Swangerskap Sentrum